Arab Horse Society of South Africa
Arabierperdgenootskap van Suid-Afrika

# RIGLYNE vir die opname van Suiwer Arabiere, Deelsgeteelde en Anglo-Arabiere

U moet 'n geregistreerde teler van die Arabierperdgenootskap van SA wees

DNA & Ouerverifikasies

verpligtend met Suier Arabiere

DNA nie verpligtend met Deelsgeteelde & Anglo Arabs

NB

**CEM Sertifikaat**

Alle hingste wat gebruik is word vir teel moet deur 'n veearts vir CEM getoets word

**VET Sertifikaat**

Alle hingste benodig 'n sertifikaat van die veearts wat verklaar dat hulle kwalifiseer as teelhings (moet 2 gesonde testes hê).

**Die volgende is nodig vir die opname van 'n Suiwer Arabiese vul:**

1. **Geboorte kennisgewingsvorm en Bylae B (diagram)**
2. Verwys na die gelde van die Genootskap
3. As die moeder (merrie) nie in die besit van die telers was/is nie, is 'n leenbrief van die eienaar nodig wat aandui dat die teler wat die merrie geleen het, die vul onder sy voorvoegsel en naam mag registreer.
4. Indien u nie die eienaar van die hings is nie, moet ‘n dekkingsertifikaat geteken deur die eienaar van die hings die Geboortekennisgewing en aansoek om Registrasie-vorms vergesel.
5. **DNA & Ouerverifikasies**
6. **CEM Sertifikaat**
7. **Vet Sertifikaat**

**Die volgende is nodig vir die opname van 'n Deelsgeteelde Arabiese vul:**

1. **Geboorte kennisgewingsvorm en Bylae B (diagram)**
2. Verwys na die gelde van die Genootskap
3. As die moeder (merrie) nie in die besit van die telers was/is nie, is 'n leenbrief van die eienaar nodig wat aandui dat die teler wat die merrie geleen het, die vul onder sy voorvoegsel en naam mag registreer.
4. Indien u nie die eienaar van die hings is nie, moet ‘n dekkingsertifikaat geteken deur die eienaar van die hings die Geboortekennisgewing en aansoek om Registrasie-vorms vergesel.
5. **CEM Sertifikaat**
6. **Vet Sertifikaat**

**Die volgende is nodig vir die opname van 'n Anglo Arabiese vul:**

1. **Geboorte kennisgewingsvorm en Bylae B (diagram)**
2. **5 Generasie Stamboom van “Thoroughbred” ouer**
3. Verwys na die gelde van die Genootskap
4. As die moeder (merrie) nie in die besit van die telers was/is nie, is 'n leenbrief van die eienaar nodig wat aandui dat die teler wat die merrie geleen het, die vul onder sy voorvoegsel en naam mag registreer.
5. Indien u nie die eienaar van die hings is nie, moet ‘n dekkingsertifikaat geteken deur die eienaar van die hings die Geboortekennisgewing en aansoek om Registrasie-vorms vergesel.
6. **CEM Sertifikaat**
7. **Vet Sertifikaat**
8. **Kombinasies:** Suiwer Arab & Thoroughbred of<br>Suiwer Arab & Anglo of<br>Anglo & Thoroughbred

**PROSEDURES MET BETREKKING TOT GEBOORTE-KENNISGEWINGS, REGISTRASIES**

Aangesien ons nog baie inkorrekte voltooiing van vorms en registrasie sertifikate ontvang, neem asseblief kennis van die korrekte prosedures.

**A. Geboortekennisgewing en Aansoek om Registrasie**

1. **Afdeling :** Suiwergeteelde, Deelsgeteelde of Anglo Arabier
2. **Naam van Vul** : Die Voorvoegsel moet ingevul word, gevolg deur u keuse van die vul se naam.
3. **Geslag :** Manlik of Vroulik / Hings of Merrie. Moet asseblief nie net skryf "m" nie, aangesien dit kan staan vir manlik of merrie.
4. **Geboortedatum:** Datum van geboorte van die vul.
5. **Besonderhede van kleur en natuurlike merke: Gee** asseblief die hoofkleur sowel as enige ander merke aan. Indien die vul geen merke het nie, dui asseblief die **kroontjies** aan.
6. **Brandmerke/Tatoeërmerke :** Moet slegs ingevul word indien u perd enige brand of tatoeërmerke het.
7. **Vader/Moeder:** Voltooi asseblief die volle naam, asook die Stoetnaam
8. **Registrasienommer:** Dit is die registrasienommer van suiwergeteelde Arabierperde, en volume no. byvoorbeeld 1223/05
9. **Rekord Vorm Nr :** Dit is die aangetekende nommer van Deelsgeteelde of Anglo Arabiere, byvoorbeeld PS 123 of AAM 123
10. **Onder die verklaring vul** asseblief u naam in (teler van die vul) en u posadres. Teken die geboortekennisgewing en aansoek vir Registrasievorms en vul die datum in. Op die aansoek vir registrasievorm, teken asseblief en dateer die gedeelte waar u aansoek doen vir Aantekening en Registrasie in die Stamboek / Rekords van die Arabierperdgenootskap van Suid Afrika.
11. **Op die kleurmerk diagram (Skedule B),** vul asseblief duidelik in enige merke wat die vul het of enige plekke waar **kroontjies** is, indien daar geen merke is nie.
12. **Wanneer u die vorms terugstuur na die kantoor**, stuur asseblief die Geboortekennisgewing, aansoek om Registrasie en een afskrif van die Kleurdiagram in. Die duplikaat aansoek om Registrasie en die ander Kleurdiagram is vir u rekords. Dit kan ook gescan word en geepos word na ons.

13. **Insake die registrasie van suiwergeteelde Arabiere, neem asseblief kennis van die volgende opmerkings:**

**i)** Die vader moet as teelhings, deur 'n veearts gesertifisser en ook DNA-tipeer wees ; Indien u buite dekkings doen moet die SCID status van die dekhings bekend gemaak word aan die teler.

**ii)** Die moeder moet in u naam geregistreer wees tydens die geboorte van die vul. Die merrie en die vul moet DNA-tipeer wees. Ouerskap bevestiging is 'n vereiste vir registrasie en sal op die registrasiesertifikaat aangeteken word.

**iii)** Indien u nie die eienaar van die hings is nie, moet 'n dekkingsertifikaat geteken deur die eienaar van die hings die Geboortekennisgewing en aansoek om Registrasie-vorms vergesel.

**iv)** Alle hingste moet vir **CEM** getoets word indien mee geteel word.

14. **Insake die aantekening van 'n Deelsgeteelde / Anglo**
Arabier word bogenoemde punte (i), (ii) en (iii) ook in aanmerking geneem , maar die DNA is nie van toepassing nie behalwe as die vader 'n suiwer Arabier is, dan is DNA op hom van toepassing.

Met verwysing na die aantekening van Anglo Arabiere, moet die thuroughbred stamboom die geboortekennisgewing en aansoek om aantekening vergesel.

15. Geboortekennisgewings/aansoek om registrasies moet gelykertyd saam met die DNA-uitslae en toepaslike fooie aan die kantoor gestuur word. Alle dienste word slegs op 'n kontantbasis gelewer. Slegs indien dit blyk dat u die DNA-uitslae nie betyds sal ontvang voordat die vul een jaar oud word nie, kan u die geboortekennisgewing en aansoek om registrasie solank aan die kantoor stuur, om boetes op die laat aanmelding hiervan te vermy.

**Baie belangrik is ook die feit dat net lede van die Arabierperdgenootskap van Suid Afrika gemagtig is om perde te registreer of te laat aanteken.**



## B. **Oordragte**

Maak asseblief seker dat die agterkant van die registrasie sertifikate of Rekord van Teling vorm volledig voltooi is. Jy kan epos of brief aangenootskap ook stuur:

1) Datum van oordrag (dd/mm/jj)
2) Die koper se naam en posadres.
3) Die verkoper se handtekening.

Neem asseblief kennis:
DIE VERKOPER IS VERANT-WOORDELIK VIR DIE OORDRAGFOOIE.

## C. **Kastrasie en Kennisgewing van Dood**

Voltooi die datum van dood of kastrasie en teken so aan in die spasie agterop die sertifikaat daarvoor voorsien. Kan dit deer epos ook.

Die fooie verander jaarliks, en u sal so in kennis gestel word